

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

6 MAART 2026 - JAARGANG 58-1715

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND

4 Maart 2026 - 32.18%

4 Maart 2025 - 50.15%

Reënval vir die week:
4mm



Kort op kontant?

Ons kan help!

Dorpstraat, Vredendal

027 213 3249



Vragmotor brand in Vanrhynspas



Die vragmotor wat Dinsdag, 3 Maart in Vanrhynspas gebrand het. Lees die volledige berig op bl 3. Foto: Verskaf.

Lees binne:

SAPD slaan toe op dwelmhandelaars
bl 2

Aftrede gaan groot leemte laat
bl 5

Vineyards Krieketklub kampioene
bl 8

Weervoorspelling vir die week



Dorpstraat, Vredendal
083 611 2867

Purified Water
Ozomated / Reverse Osmosis

* Refill station
* Water dispensers

Don. 05/03	Vry. 06/03	Sat. 07/03	Son. 08/03
 14°/27°	 15°/28°	 14°/30°	 17°/32°
Ma. 09/03	Di. 10/03	Wo. 11/03	Inligting verkry vanaf AccuWeather 4 Maart. 2026
 20°/38°	 21°/38°	 21°/38°	

NG KERK VANRHYNSDORP
BIED AAN ONS EERSTE
PARS DANS
MUSIEK DEUR DJ BOTTIE
07 MAART '26
19H00 - 23:45
R150 P/P
BRING JOU EIE
DRINKGOED, SNACKS,
YS EN GLAS
KAARTJIES SLUIT IN
'N PLATTER VIR ELKE
TAFEL
KONTAK ONS VIR VERDERE INLIGTING
KERK KANTOOR 027 219 1027
FRANCIS 072 277 1802

**Kantoorspasie
TE HUUR**
Centralstraat 8, Vredendal
Skakel 082 889 1820
110m²

MASKAM WATER
Jou swembad kan die somer helder en mikro-organisme vry wees. Met die Blue Lagoon UV-C tegnologie verminder jy jou chloor gebruik en jou swembad filter waswater (backwash) kan veilig in jou tuin gebruik word.

Ander voordele:

- Chlooramiene word afgebreek sodat geen onaangename chloor reuk jou meer pla nie
- Geen meer droë vel en geïrriteerde oë as julle swem nie
- Die UV-C bestraling elimineer 99.9% mikro-organismes in huishoudelike swembaddens.

Vanrhynsdorp
Tel: 083 305 5233
Epos: hennie@maskam.co.za

Die Blue Lagoon UV-C met osoon gee sterker oksidasie en disinfeksie. Om minimale chloor te gebruik, kan die Blue Lagoon UV-C met koper ioniseerder ingespan word wat dan vir jou langwerkende disinfeksie gee.

AKTUELE NUUS



Vredendal SAPD skof-B lede.

SAPD slaan dwelmhandelaars hard

Berig: Adjudant-offisier Jannie Louw
Foto: Verskaf

VREDENDAL: Vredendal SAPD is konstant besig om die onwettige handel en besit van dwelmmiddels in die Vredendal-area aan te spreek. 'n Befaamde sportster het tydens 'n geleentheid gesê dat hoe harder jy probeer, hoe gelukkiger is jy. Hier op Vredendal is dit dan ook die waarheid. Lede van Vredendal SAPD was binne die afgelope week twee keer aan die wenkant wat betref groot hoeveelhede dwelmmiddels. Eerste het die span van die Misdaad Voorkomings Eenheid op Dinsdag, 24 Februarie omstreeks 07:19 toegeslaan. Een van hulle lede het met sy skerp waarnemingsvermoë gesien dat daar iets baie verdags plaasvind te Vredendal-Noord. Hy het versterkings ontbied terwyl hy observasie gehou het. 'n Kort rukkie daarna het hulle met groot sukses toegeslaan op 'n perseel te Malvastraat. Een persoon is daar betrap met 'n besending dwelms wat deur 'n voertuig uit die Kaap afgelewer is. Die vonds het bestaan uit 301 Mandraxtablette en 1,708 kg Tik. Die verdagte is 'n ou be-

kende in dwelmkringe.

Skaars 'n dag later, slaan die lede van B-skof ook toe met hul eie vonds. Hierdie keer was dit 'n baie groter vonds met twee arrestasies.

Op Woensdag, 25 Februarie omstreeks 01:00 het hulle 'n lasbrief tot visentering uitgevoer te Pollapark in Vredendal-Noord. Die optrede was deeglik beplan en tot perfeksie uitgevoer ten einde die dwelmhandelaars aanspreeklik te hou vir hul dade. Hier kry hulle toe 8038 Mandraxtablette en 727 gram tik.

Die geraamde straatwaarde van die twee dwelmvondse beloop ongeveer R 1 269 200. Voorwaar 'n groot terugslag vir die plaaslike dwelmhandelaars, sowel as vir hul verskaffers uit die Kaap.

Graag word al die lede betrokke gelugewens met hul sukses en ook bedank vir die eindelose geveg teen die euwels van die moderne tyd. Hierdie tipe optredes kom nie maar net vanself nie, maar vra lang ure en vasberadenheid van die beamptes betrokke. Julle dien as 'n voorbeeld van wat bereik kan word.

Jong vrou saai amok

Berig: Annemarie Munnik

VREDENDAL: 'n Bekende hawelose vrou in die dorp het weer amok gemaak.

Op Dinsdag, 10 Februarie omstreeks 10:00 het sy 'n sleutel van een van Kat-Ma-Koep Gastehuis se kamers gesteel en is in die kamer in. Sy het toe 'n klomp

koffie oor alles uitgegooi en is later weg met twee komberse en ses kussings.

Op Vrydag, 20 Februarie omstreeks 15:30 het sy 'n voertuig in Voortrekkerstraat met 'n baksteen gegooi. Sy is daarna deur die SAPD gearresteer.

Sy het op Dinsdag, 24 Februarie in die hof verskyn. Sy is verwys vir waarneming.

Vrou sterf tydens brand

Berig: Kaptein Van der Westhuizen en Annemarie Munnik

LUZVILLE: Lutzville SAPD is op Woensdag, 25 Februarie omstreeks 03:00 uitgeroep na Lofdal woongebied waar 'n informele struktuur gebrand het. Met aankoms op die toneel het omstanders probeer om die vlamme te blus met emmers water en tuinslange tot die brandweer opgedaag het. Volgens omstanders het hulle 'n vrou gehoor skree in die brandende struktuur, maar die vlamme was te erg en later was dit stil. Nadat die brandweer die vuur geblus het, het hulle die vrou gevind.

Sy is op die toneel geïdentifiseer as die 33-jarige Luzaan Muller en was ten tyde van die voorval alleen in die huis. Sy is op die toneel dood verklaar deur EMS personeel. Die vermoede bestaan dat 'n brandende kers die oorsaak van die brand was.

Die plaaslike brandweer het die oproep om 03:23 ontvang en vertrek om 03:26, hulle arriveer om 03:50. Die informele huis het toe reeds afgebrand. Die vier brandbestryders het afkoelingswerk gedoen.

Konstabels bevorder tot sersante

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die SAPD lede se bevorderingsdatum is elke jaar op 1 Desember. Bevestiging van die lede tot sersante is Maandag, 2 Maart bekend-

gemaak.

Ses konstabels van Clanwilliam SAPD, Mcasa, Van Zyl, Lewies, Joubert, Smith en April is bevorder tot sersante.



Agter is sersante Mcasa, Van Zyl en Lewies. Voor is sersante Joubert, Smith en April.

Lede maak groot deurbraak

Berig: Kaptein Van der Westhuizen

LUZVILLE: Lutzville SAPD tesame met lede van die misdaadvoorkomings-eenheid van Vredendal het op Sondag, 1 Maart 'n groot deurbraak gemaak met 'n groot dwelmsvonds in Koekenaap en Lutzville. 'n Drie en veertigjarige Kongolese burger is gearresteer vir Handel in Tik en Mandrax. Die totale waarde van die dwelms beloop ongeveer R46 130. Hy het reeds op Maandag, 2 Maart in Lutzville Landdroshof verskyn. Hy bly in hegtenis vir borgaansoek.

Die SAPD monitor al 'n geruime tyd die beweging van die voertuig, 'n grys Mercedes met CY registrasienommer wat verbind word met dwelms. Met deeglike beplanning kon die suksesvolle operasie uitgevoer word.

Lutzville stasiebevelvoerder, kaptein Van der Westhuizen wil haar opregte dank uitspreek teenoor Vredendal Misdaadvoorkoming vir hul aandeel in die sukses.

Ons ontwerp & druk boeke

Centralstraat, Vredendal
Tel: 027 213 2074
E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

PROTEA DRUKKERY

Self-deurslagpapier
Kwaliteit drukwerk
Betroubare diens

Een beseer in Vanrhynspas ongeluk

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vanrhynsdorp SAPD het Dinsdag, 3 Maart omstreeks 13:46 'n oproep van 'n lid van die publiek ontvang oor 'n ongeluk aan die onderkant van Vanrhynspas, waarby een swaar-voertuig betrokke was. Plaaslike polisieledes, sersant Filander en konstabels Horne en Miggel, het hul onmiddellik na die toneel gehaas. Met hul aankoms was die trok reeds aan die brand. Die bestuurder van die voertuig, wat sand vervoer het, was reeds uit die trok, maar het beserings opgedoen. Plaaslike verkeer het verkeer reguleer om opeenhopings te voorkom. Die voorlopige oorsaak van die ongeluk word toegeskryf aan beweerde remme

wat onklaar geraak het. Die vragmotor het die padoppervlakte verlaat en teen die berg gebots, dit het ook omgeslaan en die vrag verloor, waarna die voorhaker aan die brand geslaan het. Nood- en mediese dienste (EMS), asook Provinsiale Verkeer, het binne minute op die toneel opgedaag om bystand te verleen. Reddingsdienste het die beseerde bestuurder behandel, terwyl brand- en reddingspanne die brand geblus het. Owerhede ondersoek die voorval verder. Gemeenskapslede word aangemoedig om versigtig te wees wanneer hulle die pas gebruik en om swaarvoertuie met die nodige omsigtigheid te bestuur, veral op steil afdraandes.



Omstanders op die ongelukstoneel.

Provincial Government working with municipality to strengthen water security

Press release

VREDENDAL: Anton Bredell, Western Cape Minister for Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, met with Matzikama Municipality to discuss the municipality's current water security status and related challenges. Matzikama is currently classified as a medium-risk municipality. The Department of Local Government is providing targeted support to reduce immediate risks, while longer-term interventions are being developed to ensure sustained water security in the years ahead, Minister Bredell said. As part of this support, the Department is contributing R1.7 million towards the refurbishment of two sand filters at the municipality's water treatment works. An additional R800 000 will be allocated for the replacement of ageing air valves on the Vanrhynsdorp water network to reduce the risk of pipe bursts. A further R500 000 will be used to conduct groundwater studies, with the aim of drilling boreholes to augment water supply for Vanrhynsdorp. "Vanrhynsdorp currently relies on water

pipied from Vredendal and has storage capacity for only two days. This makes the town particularly vulnerable to supply interruptions caused by the ageing and fragile state of the main pipeline between the two towns, as well as unplanned outages when emergency repair work is required on the Lower Olifants River Canal System," Minister Bredell said. "The development of boreholes to supplement Vanrhynsdorp's water supply will significantly reduce water-related risks and improve overall resilience." The Minister also commended the municipality for its efforts to stabilise its finances, including disciplined participation in Eskom's debt relief programme. "A clean balance sheet will make Matzikama more attractive to future investors, which will be essential for implementing larger and more capital-intensive water infrastructure projects in the long term. These include the construction of additional bulk water storage dams for Vredendal, as well as a new mainline pipeline between Vredendal and Vanrhynsdorp," Minister Bredell said.

'n Bitter einde na byna ses dekades

Na 58 jaar se diens aan die gemeenskap, sluit Ons Kontrei Streekskoerant sy deure einde Maart 2026. Stygende drukkoste en 'n voortgesette afname in advertensie-inkomste het dit vir ons onmoontlik gemaak om voort te gaan met publikasie. Vir byna ses dekades het ons die voorreg gehad om julle stories te deel, julle mylpale te vier, oor plaaslike gebeure verslag te doen en die geskiedenis van ons area te bewaar. Hierdie koerant was meer as ink op papier, dit was 'n rekord van ons gemeenskap se reis. Terwyl ons hierdie laaste maand van

publikasie ingaan, doen ons dit met diepe dankbaarheid teenoor ons lojale lesers, toegewyde adverteerders en almal wat ons deur die jare ondersteun het. Met hierdie sluiting verloor ons dorp nie net 'n koerant nie, maar 'n lewende stukkie van sy geskiedenis. Dankie dat julle ons toegelaat het om deel van julle lewens te wees vir 58 merkwaardige jare.

-Ons Kontrei Streekskoerant Bestuur

ATTENTION TRAVELLERS!

**Did You Know,
You Can Now Travel To Johannesburg,
Pretoria & Cape Town From**

**Vanrhynsdorp, Carltonville,
Midrand, Carnarvon, Vosburg,
Bloemhof, Klerksdorp, Williston,
Potchefstroom, Nieuwoudtville,
Klawer, Bellville, Christiana, De Aar,
Calvinia, Strydenburg, Clanwilliam,
Britstown, Warrenton, Kimberley,
Hopetown, Stilfontein, Citrusdal,
Modderivier, Moorreesburg
Piketberg, Wolmaransstad,
& Malmesbury**

LOOK OUT FOR THIS ROUTE FROM THE 21ST MARCH 2026

GET IN TOUCH:

021 380 4400
info@intercape.co.za
www.intercape.co.za

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

KOEKENAAP:
Landplaas Geloofspotjie-ete
Saterdag, 7 Maart
om 17:00

VANRHYNSDORP:
Huis Matzikama Straatfees
Paddockstraat
Saterdag, 7 Maart
om 09:00

CLANWILLIAM:
Dorpsmark
Grasperk langs die biblioteek
Saterdag, 7 Maart
08:00 - 11:00

VANRHYNSDORP:
NGK Parsdams met DJ Bottie
Saterdag, 7 Maart
19:00 - 23:45
Navrae: 072 277 1802

GRAAFWATER:
NG Kerk basaar
Saterdag, 14 Maart
Kerksaal, 10:00 - 13:00

GRAAFWATER:
Live music with Anton Edwards
Vrydag, 20 Maart
Graafwater Hotel
18:00 tot laat

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
[\(Cederberg\)maaitjie@isales.co.za](mailto:(Cederberg)maaitjie@isales.co.za)

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

Geheilig aan die Here

Skrifgedeelte: Levitikus 27

Fokusgedeelte: Levitikus 27:21, 30, 32

"²¹maar die stuk land moet, as dit in die jubeljaar vry word, aan die Here heilig wees soos 'n stuk land onder die ban; die besit daarvan kom aan die priester toe.³⁰ Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die Here; dit is heilig aan die Here.³² Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee alles wat onder die herderstaf deurgaan die tiende moet aan die Here heilig wees." Afrikaanse Vertaling 1953.

Die Here het ons in Christus geheilig tot 'n dankbaarheidslewe. Die Bybel praat ook daarvan dat ons deur Christus gekoop is. Ons is losgekoop van die sonde sodat ons

heilig kan leef. Die woord *heilig* beteken om eenkant geplaas te wees vir God. Soms voel dit vir ons as gelowiges asof ons nie altyd by die wêreld inpas nie, omdat dit so is. Ons is anders. Ons is gewy aan die Here.

In die Ou Testament was gelowiges soms ook op 'n spesiale manier aan die Here gewy om in sy diens te staan. Ons lees hiervan in Numeri 6. Dit is die nasireërgelofte. Om 'n nasireër te wees, beteken om totaal aan die Here gewy te wees. Dit is om in sy diens te staan. Wanneer daar so 'n gelofte afgelê is, sou hierdie persoon homself moes ontsê van sekere dinge. Hierdie gelofte was 'n ernstige gelofte.

In Levitikus 27 word vertel hoe so iemand homself kon vrykoop van hierdie gelofte. Waarmee die persoon homself loskoop,

behoort daarna aan die Here. In die Nuwe Testament word ons beveel om ons hele lewe aan die Here te wy. Die verskil is wel dat ons onself nooit hoef los te koop van ons heilige lewe nie. Trouens, dit is nie ons wat besluit om ons lewe vir God te heilig nie, dit het die Here reeds voor die skepping besluit (Ef. 1). Hy het dit gedoen in Christus. Hy was die volle offer.

In Hom behoort ons saam met die hele skepping aan die Here. Ons behoort alles wat ons het, aan die Here te wy en juis ons tiendes te betaal, omdat alles wat ons besit, nie eintlik ons s'n is nie, maar aan die Here behoort. Die Here vra dus net dat ons teruggee wat reeds aan Hom behoort. So wys ons ons dankbaarheid teenoor die Here.

Psalm 89:6 "En die hemele loof u wondermag, o Here, ook u trou in die vergadering van die heiliges." Afrikaanse Vertaling 1953.

Dominee Werner Brotherton

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Sandveld Museum bied melktertkompetisie aan

Berig: Mariaan Smuts

Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: Die Sandveld Museum het Vrydag, 27 Februarie hulle eerste Melktertdag met 'n kompetisie gevier. Die kompetisie was om fondse in te samel en om te bepaal wie bak die lekkerste melktert.

Daar was in totaal 16 inskrywings. Melkterte kon enige kors hê, maar moes die oggend ingehandig word vir die beoordeling wat van 10:00 tot 10:30 plaasgevind het. Inwoners kon die beoordeling en proe bywoon teen R40 per persoon. Dit het ook 'n koppie koffie of tee ingesluit. Die beoordeling is deur Cecile van Zyl, Augusta van Zyl en Elmarie Smith gedoen. Die oggend se uitstappie en saamkuier het in die ou BeanTree bokant Bayside Spar plaasgevind. Sowat 70 persone het die geleentheid bygewoon en daar is heerlik saamgekuier.

Nadat die beoordelaars al die melkterte

beoordeel het, is al die melkterte uitgesit en die groep teenwoordig kon eet soveel hy/sy wil.

Almal was trossendik geëet aan die groot verskeidenheid melkterte. Sophia Pretorius is aangewys as die Sandveld Melktert wenner vir 2026 en het daarmee 'n gratis

stalletjie gewen by die Bokkoms en Blomme Fees wat van 28 tot 30 Augustus in Lambertsbaai gehou word. Sy het ook 'n sertifikaat ontvang. Pretorius kan by die fees haar wen-melktert verkoop. Marlene Louw was in die tweede plek, met Ronel Redelinghuys in die derde plek.



Ronel Redelinghuys, Sophia Pretorius en Marlene Louw.

Potjiekoskompetisie vir 'n goeie doel

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Compassion4Paws, 'n nie-winsgewende organisasie wat omgee vir die gemeenskap se diere, het op Saterdag, 28 Februarie hulle jaarlikse Potjiekoskompetisie gehou.

Daar was 10 potjies wat ingeskryf het en die beoordelaars, Jean Pienaar, Rinus Goosen en Ben de Villiers het saamgestem dat Vanrhynsdorp Gemeenskapsforum met hulle kerriehoenderpot die prys moet ontvang. Daar is meer as 100 lootjies verkoop en baie pryse / geskenkbewyse is oorhandig.

Natasha en Wimpie Coetzee en Samantha Goosen wil namens Compassion4Paws elke persoon bedank wat deel was van hulle potjiekoskompetisie.

"Dankie aan elkeen wat opgedaag het, 'n kaartjie gekoop het, 'n pot gemaak het, gehelp het by die stalletjies, of net kom saamkuier het, julle ondersteuning beteken vir ons ongelooflik baie. Sonder

ons gemeenskap sou niks hiervan moontlik wees nie.

Dankie vir elke glimlag, elke hand wat gehelp het, elke woord van aanmoediging en elke bydrae, groot of klein. Dit is juis deur

sulke saamstaan en omgee dat ons kan aanhou om 'n verskil te maak in die lewens van diere wat ons nodig het," aldus die bestuur.



Spekkies Pienaar, Hester du Bruyn, Richard van Huyssteen, Kellie de Villiers en Johan Coetzee.

INDEKS

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. GESOEK
11. VERLORE / VERMIS
12. ALGEMEEN
13. BOTE / DIUK-TOERUSTING
14. LEWENDEHAWE
15. TROETELDIERE
16. GESOEK / BENODIG
17. MEUBELS
18. MUSIEK-INSTRUMENTE
19. RADIO / TV / VIDEO
20. TUINBOUDIENSTE
21. JUWELIERSWARE
22. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
23. SPORTTOERUSTING
24. VAKANSIE
25. AKKOMMODASIE
26. REKENAARS
27. KANTOOR-TOERUSTING
28. BOUMATERIAAL
29. BOUWERK / VERF
30. VERVOER
31. AKKOMMODASIE
32. TE HUUR
33. SEKURITEIT / WAPENS
34. FIETSE
35. MASJINERIE/IMPELEMENTE
36. ONDERDELE / ENJINS
37. MOTORHERSTELWERK
38. SLEEPWAENS
39. MOTORFIETSE
40. WOONWAENS
41. VOERTUIG
42. EIENDOM
43. BETREKKINGS
44. BLINDINGS
45. ELEKTRIESE-WARE
46. GRASSNYERS
47. TE KOOP
48. TE RUIL



Stuur jou advertensie
inligting na
info.onskontrei1@
gmail.com of
skakel 027 213 2074



Professionele
plaagbeheer
waarop jy kan vertrou!

Spuut & beheer van:
Kakkerlakke
muggies, miere,
vlooie
en ander insekte
**Betroubaar &
doeltreffend.**
Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147



TEL. & FAKS:
027 213 2968
Sel: 082 690 0984

Ons doen:
♦ Bouwerk - Steen & pleister
♦ Afdakke - hout & staal
♦ Bou van heininge
(Vibracrete & Staal)
♦ Algemene loodgieter werk
♦ Teël van vloere & mure
♦ Installeer en herstel van
plafonne, dakke en kosyne
♦ Herstel en lê van plaveisel



Ons dateer die
aanlyn kalender
weekliks op.

Alle kerke,
skole, sportklubs
en instansies,
stuur jul belang-
rike datums na

info.onskontrei1@gmail.com

Besoek ons aan-
lyn kalender by
www.onskontrei.co.za

KENNIS-GEWING

Vir plasing van
kennisgewings,
tenders, veilings,
betrekkings,
gelukwensings,
bedankings
of enige ander
advertensie.

E-pos u
inligting na
info.onskontrei1@gmail.com
of skakel
027 213 2074

Manus Spamer neem afskeid

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: "Ek onthou nog die dag wat ek Steilhoogte Primêr en sy nuwe skoolhoof, Manus Spamer, ontmoet het. Dié het my breedvoerig en met baie entoesiasme oor sy droom en visie vir die skool ingelig, so asof dit net 'n kwessie van tyd was voordat ek ook sou 'inkoop'. 'n Paar jaar later, op 'n stresvolle dag, het meneer ons vriendelik verplig om in die veld rondom die skool te gaan stap, en die blommeprag te geniet, al het meeste van ons seker heeltyd gedink aan alles wat nog moet klaar. Dit is meneer Spamer, hy ken sy personeel en hy het ons 'gelees', geweet wanneer hy moes intree en balans bring. Spanbou, het hy dit genoem. Meneer was soos water, elke keer as die stroom versnel het of van rigting verander het, het hy net aangepas en dit deel gemaak van die Steilhoogte ervaring," aldus Rianda de Vries, personeellid vir die afgelope 10 jaar by Steilhoogte Primêr. Manus Spamer begin sy onderwysloopbaan in Januarie 1992 by Laerskool Groblershoop. Nadat hy by Hoërskool Calitzdorp as onderwyser gedien het en later as departementshoof by Laerskool Klawer, sluit hy in 2014 aan by Steilhoogte Primêr.

Gedurende die laaste 12 jaar is Steilhoogte omskep in 'n skool waarmee daar gereken kan word. Akademie is verbeter, leerders het meer blootstelling ontvang en leerders het meer begin deelneem aan sport en kultuur. Leerders se selfvertroue het gegroei en 'n skooltrots is by hulle gekweek. Spamer het die behoefte gesien vir 'n inklusiewe skool, vir leerders met leergestremdhede soos outisme en FAS, (laasgenoemde ontvang 2de plek


nasionaal vir beste inklusiewe skool). Onder sy leiding word die Steiltrapper Voorskool geopen. Steilhoogte word 'n skakel met kolleges, universiteite en ander akademiese opleidingsentrums. Landelike leerders wat hoërskool klaargemaak het, is ook dikwels deur Spamer in die regte rigting gestuur. Spamer het ook sy personeel blootgestel aan ontwikkelingsgeleenthede en gemotiveer tot beter sukses. 'n Gemeenskap is opgehef deurdat die skoolomgewing verbeter het. Steilhoogte Primêr beskik oor 'n saal waar verskeie geleenthede al plaasgevind het.

Oudleerders van Karoovalakte het toegang tot Steilhoogte as 'n navorsingsentrum, dit dien ook as 'n kontakpunt vir Karoovalakte en sy mense wat nie oor 'n foon of adres beskik.

Spamer is 'n stigterslid van Klawer Kunste, die Koorfees in Vredendal en die Dans en Drama Fees (DD in Steil te Steilhoogte Primêr). Hy dien op die Bolandbestuur vir laerskool rugby, atletiek en landloop. Hy tree op as nasionale atletiekbeampte by SA byeenkomste. Hy behaal ook vlak 2 as internasionale stap-afrigter. Baie ander prestasies is deur hom en die skool behaal waarvoor die afgelope paar jaar in die plaaslike koerant en sosiale media berig is.

Op Dinsdag, 17 Februarie kon die gemeenskap van Karoovalakte van Spamer afskeid neem. Tydens die geleentheid is die saal ook as die Manus Spamer Auditorium onthul. Hy het Steilhoogte met die volgende woorde gegroet: "Ek wil my dankbaarheid uitspreek teenoor die skoolbeheerliggaam, personeel, leer-

ders, ouers en die hele gemeenskap vir julle vertroue in my die afgelope 12 jaar. Dit was 'n eer om as die skoolhoof van Steilhoogte Primêr te dien. Steilhoogte was vir my meer as net 'n werkplek, dit is 'n plek wat baie na aan my hart lê. Om die hoof van Steilhoogte te wees, was 'n ware roeping en wat 'n groot voorreg - een wat ek vir altyd sal koester. 'n Hartlike dank aan almal wat ons skool ondersteun in gebed en geestelike aanmoediging. Steilhoogte is op 'n rots gebou."



Manus Spamer.

**All good men and women
must take responsibility
to create legacies that
will take the next
generation to a level we
could only imagine. —
Jim Rohn**

Atleet wys haar staal

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Khloé Andrews (foto regs) van Pomario Onafhanklike Skool het haarself uitstekend van haar taak gekwyt tydens die Hoërskole Wes-Boland byeenkoms wat op 14 Februarie plaasgevind het.

Andrews, 'n O/14 atleet het 'n derde plek in die 200m en 400m behaal.

Op 28 Februarie het sy by die Boland Kampioenskappe in Paarl deelgeneem.

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS/PUBLIEKE DEELNAME PROSES
Proposed Construction Of An Agricultural Development on the Remainder of Farm 472, Klawer

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) as amended, and the Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 (as amended), including the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) as amended, and the "Regulations Regarding the Procedural Requirements for Water Use Licence Applications and Appeals", dated 2017.

English:

The project is for the establishment of an agricultural development on the above property, which is zoned 'Agriculture'. The proposed development will be located within 32m of a watercourse, which requires a Water Use License Application (WULA).

This advertisement serves as notification of the proposed development, and for I&APs to register should they wish to receive more information. It also serves as a notification of the availability of the draft Scoping Report (dSR) and the availability of information for the WULA process. The 30-day Public Participation Process (PPP) for the EIA will be from 05 March 2026 until 08 April 2026, and for the WULA (WU36551) from 05 March 2026 until 08 May 2026 (60-days).

The draft SSR may be accessed at
<https://www.groenbergenviro.co.za/projects/?dir=1874>.

Afrikaans:

Die projek is vir die vestiging van 'n landbou-ontwikkeling, op die bogenoemde eiendom, wat as 'Landbou' gesoneer is. Die voorgestelde ontwikkeling sal binne 32m van 'n waterstroom geleë wees, wat 'n WULA vereis.

Hierdie advertensie dien as kennisgewing van die voorgestelde ontwikkeling en vir B&GPe om te registreer indien hulle meer inligting wil ontvang. Die 30-dae proses van die openbare deelname sal wees van 05 Maart 2026 tot 08 April 2026 en vir die WULA van 05 Maart 2026 tot 08 Mei 2026 (60 dae). Die advertensie dien ook as kennisgewing van die beskikbaarheid van die konsep Omvangsbepalingverslag en die beskikbaarheid van inligting vir die WULA (WU36551).

Die dSR kan verkry word by
<https://www.groenbergenviro.co.za/projects/?dir=1874>.

The NEMA listed activities initiated a Scoping & EIR process with the following activities activated: Listing Notice 1: Activity 9, 12, 19; Listing Notice 2: Activity 15, 16; Listing Notice 3: Activity 12. The following water uses are activated, which require a WULA: S21(a), (b), (c) & (i).

Date of this notice: 05 March 2026

GroenbergEnviro (Pty) Ltd
PO Box 1058, Wellington, 7654
Details of EAP/OBP: Mische Molife, Cell: 079 111 7378,
E-mail: mische@groenbergenviro.co.za
Details of WULA Consultant (Sarel Bester Ingenieurs BK): Lizbe Bester-
Tel: 0233122017; E-mail: lizbe@sbri.co.za

MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING / NOTICEGOEDGEKEURDE 2025/2026 KAPITAAL- EN
BEDRYFSBEGROTING/ APPROVED 2025/2026 CAPITAL
AND OPERATING BUDGET

Kennis geskied hiermee in terme van Regulasie 26 van die Munisipale Begroting en Verslagdoenings- regulasies, 2008, saamgelees met Artikel 21 A van die Munisipale Stelselwet, 2000, dat die aansuiweringsbegroting vir die 2025/2026 finansiële jaar by 'n raadsvergadering gehou op 27 Februarie 2026, deur die raad goedgekeur is.

Die goedgekeurde aansuiweringsbegroting, ondersteunende dokumentasie sowel as die besluite is beskikbaar op die munisipale webblad by www.matzikamamunicipality.co.za of by die kantoor van die Direkteur Finansies te Kerkstraat 37, Vredendal, op aanvraag.

Notice is hereby given in terms of Regulation 26 of the Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008, read with Section 21 A of the Municipal Systems Act, 2000, that the adjustment budget for the 2025/2026 financial year was approved at a council meeting on 27 February 2026, by council.

The approved adjustment budget, supporting documentation as well as the decisions are available on the municipal website at www.matzikamamunicipality.co.za or at the office of the Director Finance at 37 Church Street, Vredendal, on request.

LJ PHILLIP
MUNISIPALE BESTUURDER/
MUNICIPAL MANAGER

POSBUS 98/ PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300
FAKS/ FAX: 027 213 3238

KENNISGEWING/ NOTICE:
K28/2025 - 2026

www.groenbergenviro.co.za 136086



Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie. Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Organisasie stap 200km vir goeie doel

Berig: Verskaf

MATZIKAMA: Die Phakama Matzikama Green Walk is 'n agt daelange streeksvoorspraak- en jeugmobiliseringsinisiatief gelei deur Jacob's Ladder Suid-Afrika. Die stap sal 19 dorpe regoor Matzikama verbind. Dit begin in Bitterfontein en eindig in Doringbaai. Die inisiatief, wat oor ongeveer 200km strek, sal dien as 'n bewegende platform om bewustheid te skep oor groen ekonomiese geleenthede, jeuggeleide groen ondernemings en gemeenskapsdeelname. Meer as 'n simboliese reis, verteenwoordig die stap 'n direkte betrokkenheid strategie, wat gemeenskappe ontmoet waar hulle is en toeganklike toegang tot opkomende ekonomiese geleenthede skep. Die Green Walk is ontwerp om: • Die konsep van die groen ekonomie aan landelike gemeenskappe bekend te stel en te vereenvoudig. • Jongmense te mobiliseer om deel te neem aan groen ekonomiese-inisiatiwe. • Data met betrekking tot jeugwerkloosheid in die

Matzikama-streek in te samel. • Fase 2 van die Aquaponics Green Nethouses-inisiatief te bevorder en sigbaarheid te skep vir hoe befonders, beleggers en strategiese vennote betrokke kan raak. • Plaaslike besighede en gemeenskapsbelanghebbendes langs die roete te bevorder. • Samewerking tussen dorpe regoor die streek te versterk. Die veldtog skep sigbaarheid, gesprek en momentum rakende jeuginsluiting in sektore soos hernubare energie, volhoubare landbou, afvalbestuur en omgewingsverantwoordelike ondernemings. The Green Walk sal as 'n lewendige, interaktiewe veldtog funksioneer. Om 'n veilige en effektiewe veldtog te versker, sal die veldtog ondersteun word deur: 'n aangewese ondersteuningsvoertuig, veiligheid en mediese voorbereiding, basiese handelsmerk materiaal en betrokkenheidsinisiatiwe, vooraf besproekte akkommodasie in sleutelsentrumdorpe, daaglikse digitale en media-dekking.

Matzikama Gospel Choir bou brûe van eenheid

Berig: Verskaf

VREDENDAL: 'n Nuwe gemeenskapsinisiatief is tans besig om in Matzikama gestalte aan te neem. Anzelle Jacobs, Jehane Qota en Henrico Snyders dien as die bestuur van die Matzikama Gospel Choir en nooi die hele gemeenskap uit om deel te word van hierdie opwindende projek. Die koor is oop vir alle rasse, mans en vroue, enige persoon ouer as 16 jaar. Dit maak nie saak of jy aan 'n kerk behoort of nie, of wat jou sosiale agtergrond is nie, almal is welkom. Die bestuur wil dit duidelik stel dat hierdie inisiatief nie polities van aard is nie en geen politieke party bevorder of verteenwoordig nie. Dit is ook nie 'n kerkprojek nie, alhoewel die koor geestelike liedere sal sing. Die doel is eenvoudig en opreg: om trots, eenheid en samehörigheid in

Matzikama te help bou deur die krag van sang. Oudisies vind plaas op Saterdag, 14 Maart om 14:00 in die Jakkerland Skoolsaal. Die koor is bevoorreg om 'n spesiale gasbeoordelaar te verwelkom, Elwira Standili, aanbieder van die gewilde TV-program Koortjies met Elwira Standili op kykNET&kie. Belangstellendes kan Anzelle Jacobs by 083 503 1870 kontak. "Kom wees deel van iets wat Matzikama kan verenig en inspireer," aldus Jacobs.



Studente pluk rissies.

Studente besoek African Dreams Farm

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Die N6-studente van West Coast College se Vredendal-kampus het op Vrydag 27 Februarie African Dreams Agri Farm, 'n druiwe- en brandrissieplaas, besoek vir praktiese landbou-opleiding en blootstelling aan die bedryf. Tydens die besoek het studente waardevolle insig gekry in drupbesproeiingstelsels en die belangrikheid van verantwoordelike waterbestuur. Hulle het geleer hoe behoorlike besproeiing onder- en oormaat water voorkom, wat gesonde gewasgroei ver-seker terwyl water bespaar word. Besondere aandag is gegee aan die aanplant van druiwe, veral die Ramzy-variëteit, wat verdraagsaam is teenoor soutwater en dus geskik is vir plase wat besproeiingswater met 'n hoër soutinhoud gebruik.

Die belangrikheid van korrekte planttye en deurlopende plantversorging is ook beklemtoon. Studente is verder bekendgestel aan die snoei van wingerdstokke, die werking van die kunsmis-tenkstelsel en die droogproses wat gebruik word om rosyne te produseer. Daarbenewens het hulle geleer oor die oes en droog van brandrissies, die belangrikheid van die instandhouding van skoon en droë produksiefasiliteite, en die voorbereiding en verpakking van finale produkte vir die mark. Hierdie opvoedkundige besoek het studente praktiese kennis verskaf wat hul begrip van landbouprosesse versterk en hulle voorberei vir die realiteite van die boerderybedryf.

Kinderhandjies maak dorp mooier

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die groep van Mooi(Er) Citrusdal poog om die ingang na hulle dorp elke maand iets besonder te maak. Hulle bedank die gemeenskap wat hulle hiermee help. Die kleintjies van Haasbekkies Kleuterskool, onder leiding van Lana Marais, het die maand die boom letterlik onder hande geneem en herfs uitgebeeld. Die boom staan die maand trots met hulle handewerk. Die boom herinner elkeen aan

die mooi van die seisoenverandering en die onskuld en vreugde van kinders. Dit herinner ook aan die krag van saamstaan as gemeenskap.



Die Maartboom.



MATZIKAMA MUNICIPALITY / MATZIKAMA MUNISIPALITEIT / UMASIPALA WASEMATZIKAMA

NOTICE / KENNISGEWING / ISAZISO

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE KONSEP RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK VIR MATZIKAMA MUNISIPALITEIT, 2026/2027: FINANSIËLE JAAR

Hiermee word in terme van Artikels 28(3) en 29 van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (No 32 van 2000) en Artikel 3(2)(a) van die "Matzikama Munisipaliteit: Land Use Planning By-Law, 2015" kennis gegee dat die Munisipaliteit van voorneme is om die Matzikama Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2025 (November 2025), te wysig. Die dokument is vir kommentaar vir die periode 6 Maart 2026 tot 6 Mei 2026, ter insae.

'n Ruimtelike ontwikkelingsraamwerk dui ruimtelik die langtermyn groei en ontwikkelingsroete van 'n Munisipaliteit aan en is 'n kern komponent wat ook visueel op kaarte die visie, doelwitte en doelstellings in die munisipale geïntegreerde ontwikkelingsraamwerk (GOP), aandui.

Enige persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure bogemelde kantoor besoek waar mnr Same sodanige persoon sal help om sy/haar vertoel/kommentaar af te skryf.

Skriftelike kommentaar, indien enige, moet gerig word aan die Munisipale Bestuurder (vir aandag die Bestuurder Stadsbeplanning & Boubeheer) en enige navrae kan gerig word aan me Kriek of mnr B Same at gis@matzikama.gov.za & beplanning@matzikama.gov.za (027-201-3328 of 027-201-3373).

PROPOSED AMENDMENT OF THE CONCEPT SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK FOR MATZIKAMA MUNICIPALITY, 2026/2027 FINANCIAL YEAR

Notice is hereby given in terms of Sections 28(3) and 29 of the Local Government: Systems Act, 2000 (No 32 of 2000) and Section 3(2)(a) of the Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015 that it is the intention of the Municipality to amend the Matzikama Municipality's Spatial Development Framework, 2025 (SDF, November 2025). The document is open for public comment for the period of 6 March 2026 until 6 May 2026.

A Spatial development framework spatially indicates the long term growth and development path of a municipality and is one of the core components of a municipal integrated development plan (IDP) which gives physical effect to the vision, goals and objectives therein.

Any person who cannot write is invited to visit the office of the Municipality during normal office hours where mr Same will assist such person to transcribe his/her objections/comments.

Written comments, if any, should be directed to the Municipal Manager (for attention of the Manager Town Planning & Building Control) and any enquiries should be directed to ms Kriek & mr Same at gis@matzikama.gov.za & beplanning@matzikama.gov.za (027-201-3328 or 027-201-3373).

UHLAZIYO OLUCETYWAYO LOMGAQO-SIKHOKELO WOKUNATYISWA KOKUSETYENZISWA KOMHLABA KAMASIPALA WASEMATZIKAMA, 2026/2027

Esi sisaziso esimalunga nenjongo kaMasipala yokuhlaziya uMgaqo-sikhokelo ka-2025 wokuNatyiswa kokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala waseMatzikama (ISDF, EyeNkanga 2025) nokwenziwa ngokweSiquenda sama-28(3) nesama-29 soMthetho woRhulumente beNdawo: uMthetho weeNkqubo zikaMasipala (wama-32 ka-2000) kunye nesiQendu sesi-3(2)(a) sikaMasipala waseMatzikama: uMthetho kaMasipala ka-2015 wokuCwangciselwa kokuSetyenziswa koMhlaba. Olu xwebhu luvulekile ukuba uluntu lube nokulifunda luhlomle ngalo kwithuba elisukela ngowe 6 kweyoKwindla (6 Matshi) 2026 ukuya kowe ngowe 6 kwekaCanzibe (6 Meyi) 2026.

Umgqo-sikhokelo wokunatyiswa kokuSetyenziswa komhlaba kamasipala ubonisa uhlumo nophuhliso lukamasipala lwexesha elide yaye uyeyi yezona zinto zibalulekileyo kwisiCwangciso sikamasipala soPhuhliso oluNdingeneyo (i-IDP), nesithi sibonise iindlela ezicacileyo zokuba uza kuphunyezwa njani umbono, iinjongo zethuba elide nezethutyana ezilapho kuso.

Sticela niqaphele ukuba olu hlaziyo lweSDF, 2025 luza kuxoxwa esidlangalaleni ngethuba leentlanganiso ezinxulumene neIDP eziya kuthi zibanjwe noluntu.

Kucelwa ukuba bonke abantu abangakwaziyo ukubhala batyelele iofisi kaMasipala ngethuba lomsebenzi, apho baya kuthi bancedwe nguMnu. Same oya kuphulaphula oko umntu akuthethayo, aze akubhale phantsi.

Naziphi izimvo ezibhaliweyo mazithunyelwe kuMlawuli ka Masipala (ku Mphathi woCwangciso lweDolophu noLawulo lweZakhiwo).

Malunga nemibuzo, ungaqagamshelana Nkskz Kriek noMnu. Same ku gis@matzikama.gov.za Okanye ku beplanning@matzikama.gov.za (027-201-3328 okanye 027-201-3373).

E ALFRED
WNDE MUNISIPALE BESTUURDER /
ACTING MUNICIPAL MANAGER /
UMLAWULI KAMASIPALA OBAMBELEYO

KENNISGEWING NO/NOTICE NO /
INOMBOLO YESAZISO: K29-2025-2026
Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kucelwa.

MUNISIPALE KANTORE / MUNICIPAL OFFICES,
KERKSTRAAT 37 / 37 CHURCH STREET
POSBUS 98 / PO BOX 98
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300

**Adverteer
dit werk!**
Skakel ons
kantoor vir meer
inligting,
027 213 2074



Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant

SPORT NUUS

6 MAART 2026

Parkrun/walk

Vredendal: Parc de Lausanne
Vanrhynsdorp: Letsatsi Lodge
Clanwilliam: Veldskoendraai
padstal

5km stap of draf
Saterdag - 7:00



Vineyards Krieketklub gekroon as kampioene

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Vineyards Krieketklub het Saterdag, 28 Februarie gasheer gespeel en Velddrif Krieketklub verwelkom om mee te ding in die finaal van die West Coast T20 Eerste Divisie. Dit was 'n herhaling van die finaal in 2024/2025. Die besoekers het die loot gewen en besluit om eerste te kolf. Die druk was vinnig op die besoekers, nadat Henlee Arendse die gevaarman, Melvyn Jackson, been voor paaltjie betrap het. Daarna het Wilbur Neal Basson self gesorg dat die toeskouers op hulle voete is met 'n vinnige drie paaltjies en sodoende meer druk op Velddrif geplaas. Branwin Philander en Wylan Cloete het elkeen ook 2 paaltjies ingepalm. Baie goeie boulwerk en goeie veldwerk het gesorg dat Velddrif almal uit is vir net 71 lopies. Die tuisspan het nie goed begin met die kolf nie, nadat Dudley Claasen vroeg uitgehaal is. Twee vinnige paaltjies het weer gekantel, maar kaptein Alistair Engelbrecht en Maxwell Smith het



Vineyards Krieketklub na die oorwinning.

gesorg vir kalmte. Nadat hierdie twee uitgehaal is en met 15 lopies wat nog benodig was, het Anthony van Zyl tesame met Wylan Cloete, die wa deur die drif getrek.

Vineyards het die wedstryd met 5 paaltjies gewen en is gekroon as die West Coast T20 Eerste Divisie kampioene. Die klub bedank graag almal wat deel uitgemaak het van die geskiedkundige oom-

blik, nie net vir die klub nie, maar ook die dorp en die hele Matzikama. Verder bedank hulle ook hul borge en ondersteuners wat in hul glo.

Vegters staan sterk in Road to Pro

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Onder helder ligte en voor energieke toeskouers het twee vegters van Gold & Gloves Boxing op Saterdag, 28 Februarie by die Sunningdale Sports Complex gewys dat Vredendal se talent gereed is vir groter hoogtes. By die gesogte Road to Pro Contender Series het Anthony "Goggins" Rooi en Nickley "The Deadlock" Skippers nie net geveg nie - hulle het 'n stelling gemaak. Met 'n amptelike gewig van 57.3kg in die Super Feather gewigsklas het die 21-jarige Skippers weer bewys waarom sy bynaam gepas is. Met 'n kliniese ortodokse styl en konstante druk het hy sy onoorwonne rekord uitgebrei na 20. Sy kalmte onder druk en vermoë om momentum te beheer wys dat hierdie jong vegter nie net krag het nie - maar boks-IQ. Hy bou nie net 'n rekord nie. Hy bou 'n reputasie. Op net 18 jaar oud dra Rooi reeds die ervaring van 'n gesoute vegter. Met 'n indrukwekkende 13-3 rekord in die Super

Bantam gewigsklas wys hy dat hy geen vreemdeling op die groot verhoog is nie. Teen 53kg het hy tegniese dissipline, spoed en vasberadenheid in elke rondte gewys. Sy beweging was skerp. Sy kombinasies doelgerig. Rooi se rekord vertel 'n storie van ervaring, maar sy honger wys dat hy nog lank nie klaar is nie. Die Road to Pro Contender Series is presies wat die naam sê - 'n pad na professionele erkenning. En hierdie twee jong manne het gewys dat hulle daardie pad ernstig opneem. Gold & Gloves Boxing bewys weer dat harde werk, dissipline en karakter vegters oplewer wat nie terugstaan nie. Vir Albie van Zyl, afrigter gaan hierdie oor baie meer as individuele oorwinnings. Dit gaan oor die rigting waarin Gold & Gloves Boxing beweeg. Hierdie is nie net oor twee vegters nie. Hierdie is oor 'n klub wat besig is om 'n fondament te lê vir die volgende generasie.



Petro van Zyl (assistenthulp), Nickley Skippers, Albie van Zyl (hoofafrigter) en Anthony Rooi.

MFA studente presteer

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Matzikama Fighting Academy het Saterdag, 28 Februarie aan die MASA Prosperity Friendship Kickboxing Tournament deelgeneem. Tien van die klub se studente het deelgeneem en het weereens die klub suksesvol verteenwoordig. Die studente presteer as volg: Eugene Arries - 3 goud, Cornelius Booysen - 2 silwer, MJ Meyer - 3 silwer, Keanu Boois - 1 goud en 1 silwer, Anwa Swarts - 1 silwer en 1 brons, Stanley

Abrahams - 2 silwer en 1 brons, Anthony Meyer, 1 goud en 1 silwer, Rasahdine Booysen - 3 goud, Jo-Relda Ryk - 1 goud en 1 silwer en sensei Leon Gouws - 2 goud en 1 silwer. "As sensei is ek regtig baie trots op my studente se vordering wat hulle toon by die kampioenskappe waaraan ons deelneem. Ons is reeds besig om voor te berei vir ons volgende kompetisie wat 28 Maart weer in Kaapstad plaasvind," aldus Gouws.



Matzikama Fighting Academy se studente.

Stuur sportklub nuus en datums na
edit.onskontrei1@gmail.com